21 Augustus 2009
Jaartal 9 No 14

STERRETJIE

Dagsê
En toe verpletter daardie kêrel van Jamaika die 100m wêreldrekord! Gortopaan het nie gedink dis moontlik nie, maar die man kan darem hardloop! Soos die een kommentators gesê het, almal wat dit gesien het, sal vir baie lank onthou waar hulle was toe die rekord verbeter is.
Die Poubloues het toe hul rieme styfgeloop teen die Bulle, maar dit was darem half onregverdig met net 13 manne aan die einde!
Net toe ons dink die somer is hier, toe slaat die koue ons weer. Hoop dis nou die laaste stukkie koue, maar lentedag lê nog voor, want dis mos gewoonlik koud as die lente begin.
Soos gewoonlik het ons leerders weer baie mooi presteer die afgelope week. Gortopaan hoop julle geniet die Sterretjie

Laerskool laat wilgerlat swaai.

Laerskoolkrieketspelers gekies vir Wes- telikes: vlnr : Danie Maree[o/13A], Leon Vorster [o/13B], Johan Cilliers [o/13A] en Maghiel le Roux [o/12A].

Verlede Saterdag het 5 van ons laerskool krieketspelers aan die finale rondte proewe vir Westelikes op Delareyville gaan deelneem. Maghiel le Roux word vir die o/12A-span van Westelikes gekies. Danie Maree en Johan Cilliers word vir die o/13A-span en Leon Vorster vir die o/13B-span gekies. Baie geluk aan die 4 leerders.

Schweizer kap laerskool flou.

Danie Maree (O/13) en Pieter Wiid (o/11) wat spellers van die wedstryd was teen Schweizer_Reneke

Verlede week Donderdag het die o/13-span na Schweizer gery om daar hul eerste ligawedstryd te speel.

Ons verloor die loot en Schweizer besluit hulle gaan eerste kolf. Ons boulers het nie baie ekstras afgestaan nie, maar kon ook nie paaltjies neem nie. In die agtste beurt het Maghiel toegeslaan en 2 paaltjies geneem. Danie het ook ‘n paaltjie gekry, maar dit was die einde.

21 Augustus 2009
Jaartal 9 No 14

STERRETJIE

Ons veldwerk was goed, maar Freddie se kolf was heeltyd in die pad. Na 30 beurte het

Schweizer 232 lopies aangeteken met 3 paaltjies plat. Maghiel le Roux neem 2 paaltjies vir 27 lopies in 5 beurte. Danie neem 1 vir 25 in 6 beurte.

Ons gaan kolf toe en heel gou verloor ons ‘n paaltjie. Jonathan Beck en Danie Maree het mooi vasgeskop, maar ongelukkig het die paaltjies gereeld geval. Almal is uitgeboul in die 26ste beurt. Danie Maree teken ‘n baie mooi 71 lopies aan. Die ander kolwers wat lopies gekry het, was Jay Jay Storm met 6, Jonathan Beck met 5, Thiaan Erasmus met 4 nun en Dewyk Vorster het 3 lopies gekry. Ons verloor die wedstryd met 112 lopies. Die speler van die wedstryd is Danie Maree.

Die o/11-span het gasheer gespeel vir Schweizer se o/11-span. Schweizer kolf eerste en teken 159 lopies in hul 30 beurte aan. Pieter Wiid neem 2 paaltjies vir 15 lopies in 6 beurte. Hy is bygestaan deur Dirk Cilliers met 1 vir 15 in 5, JF Bredenkamp met 1 vir 10 in 3 en Fanie Wessels met 1 vir 44 in 6. Toe ons gaan kolf, het dit nie so voorspoedig gegaan nie. Ons teken 55 lopies aan met al die paaltjies plat. Pieter Wiid teken 16 lopies aan, Dirk Cilliers kry 6, JF Bredenkamp en Ruan Kruger teken 4 lopies elk aan en Marthinus Strydom kry 3 lopies. Ons verloor die wedstryd met 103 lopies. Speler van die wedstryd is Pieter Wiid.

Laerskool tennis struikel teen Schweizer.

Welmarie Wessels – speler van die dag in tennis teen Schweizer.

Verlede Maandag het die laerskool se tennisspanne na Schweizer gereis om daar kragte te gaan meet. Ons kon darem vir Schweizer op die rugbyveld vashou, maar met die res van die sportsoorte is hulle effens sterk vir ons. Ons spelers het baie hard probeer, maar hulle kon nie hond haaraf maak nie. Pieter Wiid, Riëtte van Rensburg en Johan Cilliers het elk hul enkelspelle gewen. Die spanne verloor ongelukkig, maar hul het regtig hul bes probeer. Welmarie Wessels is die speler van die dag. Sy het verloor, maar het haar hart behoorlik uitgespeel. Baie geluk!

Tennisspelers wat hul enkels teen Schweizer gewen het vlnr: Riëtte van Rensburg, Johan Cilliers, Pieter Wiid.

21 Augustus 2009
Jaartal 9 No 14

STERRETJIE

o/15's val vas teen Sannieshof.

Ons o/15 krieketspan is Sannieshof toe om daar te gaan speel. Hulle wen die loot en stuur ons in om te kolf. Dit sukkel maar, en net Janna van der Linde lewer 'n baie mooi bydra van 66 lopies. Toe ons die bal in die hand het, het dit ook maar bedroef gegaan. Sannieshof steek ons totaal sommer gou verby. Ons verloor die wedstryd. Janna blink weer uit en hy neem 1 paaltjie. SJ Fourie neem ook 'n paaltjie. Speler van die wedstryd is Janna van der Linde met sy baie goeie 66 lopies en sy boulwerk. Baie geluk.

Janna van der Linde – speler van die wedstryd teen Sannieshof o/15.

Eerste kom tweede teen Sannieshof.

Jandrè de Wet – speler van die wedstryd teen Sannieshof o/18.

Verlede Woensdag meet ons eerste krieketspan hier tuis kragte gemeet met Sannieshof. Ons kolf eerste, maar dit sukkel maar met tye. Kolwers wat bygedra het tot die totaal van 177 is Conrad Mentz met 32, Noppie met 12, Jandrè de Wet met 65, Rudi Nel met 23 en Gerrit Mentz met 11 [nun] lopies. Met die boulwerk het dit maar beroerd gegaan. Gerrit Mentz neem 1 paaltjie vir 39 lopies in 4 beurte. Noppie staan 21 lopies in 6 beurte af en SJ staan 20 in 5 beurte af. Jandrè kry 0 vir 25 in 5, en Rudi 0 vir 32 in 4 beurte.
Sannieshof steek ons totaal verby in die 29ste beurt, met nog 8 paaltjies staande. Dit beteken dat ons met 8 paaltjies teen Sannieshof verloor.

Speler van die wedstryd is Jandrè de Wet. Geluk aan Jandrè. Sterk staan aan die span. Julle kan 'n paar manne skrik maak vanjaar; glo net in julself.

21 Augustus 2009
Jaartal 9 No 14

STERRETJIE

Krieketproewe voorspoedig.

Hoërskoolleerders wat deur is na die volgende rondte krieketproewe vlnr: Noppie Jacobs, Rudi Nel, SJ Fourie, Jandrè de Wet, Janna van der Linde en Gerrit Mentz.

Saterdag het 'n aantal van die skool se hoërskoolleerders aan die eerste rondte proewe vir Platteland gaan deelneem. Dit het heel voorspoedig gegaan. Janna van der Linde en SJ Fourie word vir die o/15's gekies, Noppie Jacobs haal die o/17-span en Rudi Nel, Gerrit Mentz en Jandrè de Wet word vir die o/18 span gekies. Hulle speel vandag weer in die verdere rondte. Baie sterkte vir vandag en baie geluk met die prestasie tot dusver.

Hokkiebokkies bewe [van opgewondenheid]

Hokkiebokkies vir hokkiedag op Sannieshof. Voor vlnr:Ina Strydom, Danèl Herholdt, Louise Retief, Bea van der Linden, Ingenette Scheepers, Oratile Loeto, Atlegang Shuenyane, Abigail Mogwasi, Wisdom Shopane. Middel vlnr : Maryke Wessels, Jana Malan, Keletso Monamudi, Sanmarie Potgieter, Emke Kriel, Marita Scholtz, Chanèl Louw, Petra Richards. Agter vlnr: Elizabeth van Rooy, Suna Swanepoel, Lize-Mari Erasmus, Junè Bester, Leonie Maree, Elsje Vorster, Lianka Liebenberg, Micaela Louw.

21 Augustus 2009
Jaartal 9 No 14

STERRETJIE

Graad 1 en 2 hokkiespan se speler van die wedstryd: Chanèl Louw.

Woensdagoggend was dit omtrent 'n affêre daar by koekies en doekies [grondslagfase], vir die wat nie weet nie. Dit was mos die dag waarop die eerste mini-hokkie wedstryd op Sannieshof gespeel gaan word. Die meisies het gebewe van opgewondenheid, jy kon behoorlik hul tande hoor klap. Maar, van koue was dit beslis nie. As hulle net speel soos wat hulle uitsien na die wedstryd, gaan hulle almal onder die stof loop. Pouse kon nie gou genoeg kom sodat die katte hul sweetpakke uit kon trek nie, want hulle wil bietjie spog met hul hokkieklere.

Graad 3 spelers van die dag: Sanmarie Potgieter en Elizabeth van Rooy.

Op Sannieshof aangekom, was die spanne slaggereed vir die groot stryd. Die Gr 1 en 2 span vaar soos volg: wen Lichtenburg 2 1 – 0, speel gelykop teen Schweizer 2 met 1 elk en verloor teen Schweizer 1 met 1 – 2. Die speler van die dag vir die groepie is Chanèl Louw.
Die graad 3 –span het stywe teenstand gekry, maar volgens juffrou Marilize het hulle pragtig gespeel. Hulle verloor teen Burgersdorp 1 met 4 doele teen 0, Burgersdorp 2 klop ons 0 – 2, verloor teen Schweizer 0 – 2 en dan speel hul in hul laaste wedstryd gelykop met 0 elk. Spelers van die dag is Elizabeth van Rooy en Sanmari Potgieter.

Graad 4 hokkiespan wat almal speler van die dag was: Voor vlnr: Maryke Wessels, Micaela Louw, Lianka Liebenberg. Agter vlnr: Junè Bester, Lize-Mari Erasmus, Leonie Maree, Suna Swanepoel, Elsje Vorster.

Die graad 4-span het pragtig gespeel. Hulle lyk of hulle al ja-a-are met die stok in die hand loop. Hulle verloor teen Burgersdorp 1 met 0 doele teen 4, maar speel gelykop teen Lichtenburg en Schweizer

met 0 en 2 doele elk onderskeidelik. Die hele span is speler van die dag. Gortopaan verneem dat daar dametjies in die graad 4 –span is wat hul teenstanders sommer per stok uit die pad neem. Dis reg, moenie dat hulle jul intimideer nie.
Baie geluk aan al die spanne met die goeie prestasies wat julle behaal het. Baie dankie aan juffrou Marilize en al die ouers wat ondersteun het. Gortopaan verneem dat juffrou die amptelike titel van speler 23 vir hokkie gewen het. Baie geluk.

‘n Paar belangrike datums om te onthou:

Op **21 Augustus**, om 19:00 hou die VRL en Bestuurskomitee ‘n **dans** in die skoolsaal. Toegang is R50 vir volwassenes en hoërskoolleerders en R25 vir laerskoolleerders.

25 Augustus – Koorfees in Vryburg.

Dan is daar die ouervergadering van die **7de September om 08:45 in die OSOB saal.**

27 Augustus is net so ‘n belangrike datum. Dan voer die hoërskoolafdeling twee eenbedrywe in die skoolsaal op. Die stukke is “**Braaiboud**” en “**Die trane die rol oor jou bokkie**”. Toegang is R30 vir volwassenes en R10 vir skoliere en die feestelikheid begin om 19:00 in die skoolsaal. Kom ondersteun ons kinders, en vir juffrou Alta, hulle het baie hard gewerk.

Met die verskyning van Sterretjie sal mnr Bolt al die 200m klaar gehardloop het daar in Berlyn. Hoop die suikerrietman doen weer so iets wonderlik soos in die 100m.
Die matrieks het Woensdag “40 days” gevier. Onthou, so half in die middel van die 40 dae, is daar ‘n BBE [baie belangrike eksamen] wat eers agter die rug gekry moet word. Eers werk en dan speel! Geniet die naweek saam met u kinders. Mag die Ingelse die Aussies behoorlik op hul herrie gee. En mag die regte spanne hierdie naweek op die rugbyveld seëvier.

Langenhoven het gesê: Die gedienstige engel het gekom by die huis waar daar liefde was, en met ‘n glimlag omgedraai, en gesê: My diens is hier oorbodig.

Mooi loop.

Gortopaan.